



Stories are not only for bedtime!

Do you read to your children regularly? Many parents who read to their children do this as part of their children's bedtime routine. They cuddle up to their children and read a story or two before its time for their children to drift off to dreamland. Bedtime stories are an easy way of helping your children to relax at the end of a busy day. The bonus is that while you are reading to your children, you are also developing their understanding of how books and stories work, and so you're making it easier for them to learn to read.

But bedtime is not the only story time available to us! There are plenty of other opportunities for us to weave stories into our children's daily lives. Arabella Koopman, from Nal'ibali, shares two examples from her own life.

“As a young child, I was an extremely slow eater. At supper time, everyone else would have finished their meal, but I would only be about half-way through mine! My parents used to nag me to eat, but it didn't really make any difference.

Then one day, my father invented a character called Timothy Topkin and made up stories about him as a way of getting me to eat quicker! This is how it worked: while I kept eating, the latest adventure featuring Timothy and his friends continued. As soon as I stopped eating, the story would stop too. I loved Timothy Topkin and so I kept eating steadily. Problem solved!

Then later in life when I was a parent, I had a toddler who refused to get out of the bath – she always wanted to play in the water some more! Bath time would always end in tears, so I was looking for a way to change this. Stories came to my rescue! Every bath time, after my daughter had played in the water for a while, I would tell her it was story time. I would start reading her a storybook until I got about halfway through and then she would have to get out of the bath for the story to continue. She always did this happily and every evening we completed the story with her sitting on my lap wrapped in a towel.”

Whether you use stories as a way of relaxing your children, or to get them to do something they don't really want to do, or to pass the time while you wait for an appointment, your children are learning that reading and listening to stories feels good. And it is this that helps to make them lifelong readers. So, go on, share stories anywhere and any time!

Stories is nie net vir slaaptyd nie!

Lees jy gereeld vir jou kinders? Baie ouers wat vir hulle kinders lees, doen dit as deel van hulle kinders se slaaptidroetine. Hulle nestel teen hul kinders aan en lees 'n storie of twee voor dit tyd is vir die kinders om weg te dryf droomland toe. Slaaptystories is 'n maklike manier om kinders te help om ná 'n besige dag te ontspan. Die bonus is dat terwyl jy vir jou kinders lees, jy ook hul begrip van hoe boeke en stories werk ontwikkel, en daarom maak jy dit vir hulle makliker om te leer lees.

Maar slaaptyd is nie die enigste tyd vir stories nie! Daar is talle ander geleenthede vir ons om stories in ons kinders se daaglikse lewens in te weef. Arabella Koopman van Nal'ibali deel twee voorbeelde uit haar eie lewe.

“As jong kind het ek baie stadig geëet. Met aandete sou almal al klaar geëet wees, en ek sou maar nog net halfpad wees! My ouers het my aangepor om te eet, maar dit het nie regtig enige verskil gemaak nie.

Op 'n dag het my pa toe 'n karakter met die naam Timothy Topkin geskep, en stories oor hom opgemaak as 'n manier om my vinniger te laat eet! Dis hoe dit gewerk het: terwyl ek geëet het, het die jongste avontuur van Timothy en sy vriende afgespeel. Maar sodra ek ophou eet het, sou die storie ook ophou. Ek was dol oor Timothy Topkin en het dus bly eet. Probleem opgelos!

Later in my lewe, toe ek self 'n ouer was, het ek 'n kleuter gehad wat geweier het om uit die bad te klim – sy wou altyd nog 'n rukkie langer in die water speel! Badtyd het altyd in tranes geëindig, en ek het na 'n manier gesoek om dit te verander. Stories het tot my redding gekom! Elke aand met badtyd, nadat my dogter 'n ruk lank in die water gespeel het, het ek vir haar gesê dit is storietyd. Ek sou vir haar 'n storie begin lees totdat ek omtrent halfpad met die storie was, en dan moes sy uit die bad klim voordat ek verder sou lees. Sy was maar te gretig om dit te doen en ons het elke aand die storie klaar gelees terwyl sy toegedraai in 'n handdoek op my skoot sit.”

Of jy nou stories as 'n manier gebruik om jou kinders te laat ontspan, of om hulle iets te laat doen wat hulle regtig nie wil doen nie, of om die tyd om te kry terwyl jy vir 'n afspraak wag, jou kinders leer dat lees en luister na stories goed voel. En dit maak van hulle lewenslange lesers. So hou aan om stories enige tyd en enige plek te deel!



Drive your imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.

Nal'ibali
It starts with a story...

Story stars

The pavement bookworm

Philani Dladla grew up with big dreams in a small town in KwaZulu-Natal. Today he is known all over the world. Philani spoke to Nal'ibali about his passion for sharing the power of reading and told us how books have shaped his life.

What was the first book you owned?

It was a book about politics. It was written in English and meant for adults, so it was difficult for me to read because I spoke Zulu as my home language, and I was only 12 years old! But I loved it. It was given to me by the old man my mother worked for.

How did reading save your life?

Later on, I moved to Johannesburg to work. Things were going well for me, but then everything changed. I took drugs to fit in with my new friends and became addicted. In a short time, I lost everything I had worked for and was living on the streets. There I saw horrible things happen to the people around me, and it made me realise that my addiction would kill me. I decided I needed to save myself. I chose not to keep any money I got so that I couldn't buy drugs. Anything I got, I immediately spent on food ... and books. I read self-help books to deal with my addiction, but I also read novels and biographies.

How did you use books to earn money?

I started reviewing the books I read. Then I would stand along a busy road in Johannesburg and give my reviews to the motorists who passed by. If they liked the review, then they would buy the book from me. That is how I became known as "the pavement bookworm".

What happened next?

One day, a filmmaker interviewed me. He posted the video on the Internet and it went viral. It changed my life. Now people ask me to give talks about reading and books. I have become friends with authors, journalists and professors around the world.

Tell us about your reading club.

I run a reading club close to where I live. It is called Book Readers' Club. Children from the area come here to get together and enjoy sharing books and stories.

Why is reading important?

Reading is a weapon to fight social challenges. If you read, you think.



Philani Dladla

You can find out more about Philani on his website www.pavementbookworm.co.za.

Jy kan meer oor Philani uitvind op sy webwerf www.pavementbookworm.co.za.

Storiesterre

Die sypaadjie-boekwurm

Philani Dladla het met groot drome in 'n klein dorpie in KwaZulu-Natal grootgeword. Vandag is hy oor die hele wêreld bekend. Philani het met Nal'ibali gesels oor sy passie om die bemagtigende uitwerking van lees met ander te deel en het vir ons vertel hoe boeke sy lewe gevorm het.

Wat is die eerste boek wat jy besit het?

Dit was 'n boek oor politiek. Dit is in Engels geskryf en vir volwassenes bedoel, en daarom was dit moeilik vir my om te lees, want ek het Zulu gepraat en ek was net 12 jaar oud! Maar ek was dol daaroor. Die ou man vir wie my ma gewerk het, het dit vir my gegee.

Hoe het lees jou lewe gered?

Ek het later Johannesburg toe getrek om te gaan werk. Dinge het goed gegaan, maar toe het alles verander. Ek het begin dwelms gebruik om in te pas by my nuwe vriende, en ek het verslaaf geraak. In 'n baie kort tyd het ek alles verloor waarvoor ek gewerk het, en ek het op die strate geleef. Daar het ek gesien hoe verskriklike goed met die mense om my gebeur, en dit het my laat besef dat my verslawing my sou doodmaak. Ek het besluit ek moet myself red. Ek het gekies om nie enige geld wat ek gekry het te hou nie, sodat ek nie dwelms kon koop nie. Enigiets wat ek gekry het, het ek onmiddellik op kos ... en boeke uitgegee. Ek het selfhelpboeke gelees om my met my verslawing te help, maar ek het ook romans en biografieë gelees.

Hoe het jy boeke gebruik om geld te verdien?

Ek het begin om die boeke wat ek gelees het te resenseer. Dan sou ek langs 'n besige straat in Johannesburg staan en my resensies vir die motoriste gee wat verby ry. As hulle van die resensie gehou het, sou hulle die boek by my koop. Dit is hoe ek bekend geword het as die "sypaadjie-boekwurm".

Wat het volgende gebeur?

Op 'n dag het 'n filmmaker 'n onderhoud met my gevoer. Hy het die video op die internet geplaas en dit het soos 'n veldbrand versprei. Dit het my lewe verander. Nou vra mense my om praatjies oor lees en boeke te kom gee. Ek het vriende gemaak met skrywers, joernaliste en professors oor die hele wêreld.

Vertel ons van jou leesklub.

Ek bestuur 'n leesklub naby my woonplek. Dit staan bekend as die Book Readers' Club. Kinders uit die area kom hierheen om boeke en stories te geniet en te deel.

Waarom is lees belangrik?

Lees is 'n wapen waarmee sosiale uitdagings beveg kan word. As jy lees, dink jy.

NAL'IBALI ON RADIO!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show: RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m. SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister: RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm. SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.



Drive your imagination



Get story active!

Here are some ideas for using the stories in this supplement. Choose the ones that best suit your children's ages and interests.

Nina and the funky experiment

This story is an extract from a South African children's novel. It is about something unexpected that happens one morning in Nina's home! Children from about 8 years old are most likely to enjoy the story, but younger children will enjoy doing the experiments below with them!

- ✿ Encourage your children to experiment with turning this story extract into a comic. Try to find examples of comic books and/or cartoons in newspapers and look at them together. Let your children draw their own pictures, use speech bubbles and a few introductory sentences to create their own comic!
- ✿ Suggest that your children continue the story after Tiaan has eaten baking soda instead of sugar on his cereal. What happens to him? What happens with Nina's experiment?
- ✿ Let your children try using baking soda (just like Nina planned to) in these simple experiments. They can be a bit messy so you might want to do them outside!
 - ★ Bubble over: Put some baking soda in the bottom of a tall container, like a plastic cup or glass. Slowly pour in some vinegar and watch how the mixture bubbles over the top!
 - ★ Fizzy ice: Fill an ice cube tray with vinegar and food colouring and put this in the freezer. When they are frozen, pop the ice cubes out onto a plate. Use a teaspoon to put some baking soda on top of each cube and then put a teaspoon of vinegar on top of that. Watch how the cubes fizz!



Dancing star

Dancing star is a story about a young boy who discovers his talent for dancing. It is best suited to children aged 3 to 8.


- ✿ As you read the story together, talk about some of these things.
 - ★ **Pages 2 and 3:** What do you think of the way the other children behaved towards Thando? What would you have done if you had been there?
 - ★ **Page 6:** How do you think the children at the dance class feel? How can you tell?
 - ★ **Pages 14 and 15:** How do you think Thando feels now? How can you tell? Do you think he enjoys dancing?
- ✿ After you have finished the story, ask your children: Which do you like best: running races or dancing? What other things do you enjoy doing? What are you good at?
- ✿ If you have access to the Internet, you and your children can watch videos of people doing the salsa, rumba and jive dances. Then, why not put on some music and try out some of the dance moves you saw?
- ✿ Encourage your children to draw a pictures of themselves doing something that they are good at. Suggest that they write something to go with their pictures.
- ✿ If you are using this story at a reading club, invite the children to act out the story.



Sunshine

This story is about Melisizwe, the canary he loved so much and the lesson she teaches him. Enjoy reading it aloud or retelling it, then discuss some of these questions with your children.

- ✿ What do you think Melisizwe learnt in the story?
- ✿ Why do you think he took the bird back to the forest? Would you have done that? Why or why not?
- ✿ Why do you think Melisizwe's mother did not tell him to set the bird free? What do you think of what she did instead?
- ✿ Do you think the canary loved Melisizwe? How do you know this?
- ✿ Do you think it is fair to keep birds in cages? Why or why not?



Raak doenig met stories!

Hier volg 'n paar idees om die stories in hierdie bylae te gebruik. Kies dié wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.



Nina en die funky eksperiment

Hierdie storie is 'n uittreksel uit 'n Suid-Afrikaanse storie vir kinders. Dit gaan oor iets onverwags wat een oggend in Nina se huis gebeur! Kinders van sowat 8 jaar en ouer sal waarskynlik die storie geniet, maar jonger kinders sal dit geniet om die eksperimente hieronder saam met hulle te doen!

- ✿ Moedig jou kinders aan om te eksperimenteer om hierdie storie in 'n strokiesprent te omskep. Probeer voorbeelde vind van strokiesprentboeke en/of spotprente in koerante en kyk saam daarna. Laat jou kinders hulle eie prente, praatborrels en 'n paar inleidende sinne skryf om hul eie strokiesprent te skep!
- ✿ Stel voor dat jou kinders die storie verder vertel nadat Tiaan die koeksoda in plaas van suiker oor sy pap gestrooi het. Wat gebeur met hom? Wat gebeur met Nina se eksperiment?
- ✿ Laat jou kinders probeer om koeksoda in hierdie eenvoudige eksperimente te gebruik (net soos wat Nina beplan het om te doen). Dit kan effens morsig raak, so dis beter as hulle dit buite doen!
 - ★ Borrel en bruis: Plaas 'n bietjie koeksoda onder in 'n diep houer, soos 'n plastiekbeker of glas. Giet stadig 'n bietjie asyn oor en kyk hoe die mengsel oor die rand borrel!
 - ★ Bruis-ys: Maak 'n ysblokkiehouer vol asyn wat met voedselkleursel gekleur is en sit dit in die vrieskas. Wanneer dit gevries het, keer die ysblokkies op 'n bord uit. Skep 'n bietjie koeksoda met 'n teelepel bo-op elke ysblokkie en skep dan 'n teelepel asyn bo-oor. Kyk hoe die ysblokkies bruis!

Dansster

Dansster is 'n storie oor 'n jong seun wat sy talent vir dans ontdek. Dit is die geskikste vir kinders van 3 tot 8 jaar.

- ✿ Terwyl julle die storie saam lees, praat oor van die volgende dinge.
 - ★ **Bladsye 2 en 3:** Wat dink julle van die manier waarop die ander kinders teenoor Thando opgetree het? Wat sou julle gedoen het as julle daar was?
 - ★ **Bladsy 6:** Hoe dink julle het die kinders by die dansklas gevoel? Hoe weet julle dit?
 - ★ **Bladsye 14 en 15:** Hoe dink julle voel Thando nou? Hoe weet julle dit? Dink julle hy geniet dit om te dans?
- ✿ Nadat julle die storie klaar gelees het, vra vir jou kinders: Waarvan hou julle die meeste: om resies te hardloop of te dans? Watter ander dinge geniet julle om te doen? Wat doen julle die beste?
- ✿ Indien jy toegang tot die internet het, kan jy en jou kinders na video's van mense kyk wat die salsa, rumba en jive-danse doen. Speel dan vrolike musiek en doen van die danspassies wat julle gesien het!
- ✿ Moedig jou kinders aan om prente van hulself te teken waar hulle besig is om iets te doen waarmee hulle goed is. Stel voor dat hulle iets skryf om by hulle prente te pas.
- ✿ Indien jy hierdie storie by jou leesklub gebruik, nooi die kinders uit om die storie op te voer.

Sonskyn

Hierdie storie gaan oor Melisizwe, die kanarie waarvoor hy so lief is en die les wat sy hom leer. Geniet dit om dit hardop te lees of oor te vertel en bespreek dan van hierdie vrae met jou kinders.

- ✿ Wat dink jy het Melisizwe in die storie geleer?
- ✿ Waarom dink jy het hy die voëltjie teruggeneem na die bos? Sou jy dit gedoen het? Hoekom of hoekom nie?
- ✿ Waarom dink jy het Melisizwe se ma nie vir hom gesê om die voëltjie vry te laat nie? Wat dink jy van wat sy eerder gedoen het?
- ✿ Dink jy die kanarie was lief vir Melisizwe? Hoe weet jy dit?
- ✿ Dink jy dit is regverdig om voëls in hokkies aan te hou? Waarom of waarom nie?



Did you know that there is a Nal'ibali app on Mxit?
You can find stories on the app to read to your children, as well as ask us questions about reading, writing and storytelling. Below are some of the questions that people have already sent us through this app – as well as our advice to them.

Het jy geweet daar is 'n Nal'ibali-toep op Mxit?
Jy kan stories op die toep kry om vir jou kinders te lees, en jy kan ook vir ons vrae vra oor lees, skryf en die vertel van stories. Het jy al op die Nal'ibali-toep op Mxit ingeteken? Hieronder is van die vrae wat mense vir ons deur hierdie toep gestuur het – en ons advies aan hulle.

Here's how to sign up for the Nal'ibali reading-for-enjoyment app:

- Download Mxit on your cellphone by going to m.mxit.com.
- Go to **Apps**, then **Search** and then **Nalibali**.

So teken jy in vir die Nal'ibali-lees-vir-genot toep:

- Laai Mxit op jou selfoon af deur te gaan na m.mxit.com.
- Gaan na **Apps**, dan **Search** en dan **Nalibali**.

**Dear Nal'ibali...
Beste Nal'ibali...**

**Write to Nal'ibali at
PRAESA, Suite 17-201, Building 17,
Waverley Business Park, Wyecroft
Road, Mowbray, 7700, or at
letters@nalibali.org.**

**Skryf aan Nal'ibali by
PRAESA, Suite 17-201, Gebou 17,
Waverley-besigheidspark, Wyecroft-weg,
Mowbray, 7700, of stuur 'n e-pos
aan letters@nalibali.org.**

I have a 9-year-old girl who is in Grade R. She doesn't like writing and I don't know what to do.

When children experience the power of stories in books, and they have something that they want to communicate, they develop an interest in writing. Encourage your child by reading to her regularly for at least 15 minutes a day. Leave writing materials within reach at home so that she can write down a list of things she may want you to buy for her, or so that she can write a note to you when she wants to tell you something. Remember to also be a writing role model for her – she needs to see you writing to realise that it is valuable!

What words should a Grade 6 child be able to read?

Children's reading abilities differ quite a lot, so it's not really possible to say what words all Grade 6 children should be able to read. As long as your child understands what he/she is reading, enjoys reading and reads regularly, his/her reading will improve over time. Encourage your child by reading to him/her every day.

What can I do to help my son memorise the letters of the alphabet?

The main way that children learn to memorise letters is by using them. Try writing out the alphabet with him. Then point to each letter, and say its name and the sound it makes. Help your son to understand that letters make up words by drawing his attention to different letters in signs and other words in your environment. Also, when you read stories to him, point out letters that might have special importance for him. For example, the letter that his name starts with – you could say, "Oh look, **fox** has got the letter **x** in it, just like the **x** in your name, **Xola**."

Ek het 'n 9-jarige dogter wat in Graad R is. Sy hou nie daarvan om te skryf nie en ek weet nie wat om te doen nie.

Wanneer kinders die krag van stories in boeke ervaar, en hulle het iets wat hulle wil kommunikeer, ontwikkel hulle 'n belangstelling in skryf. Moedig jou kind aan deur elke dag vir minstens 15 minute vir haar te lees. Laat skryfmateriaal binne bereik by die huis sodat sy 'n lys dinge kan neerskryf wat sy dalk wil hê jy vir haar moet koop, of sodat sy vir jou 'n nota kan skryf wanneer sy vir jou iets wil vertel. Onthou ook om 'n skryfrolmodel vir haar te wees – sy moet jou sien skryf om te besef dat dit waarde het!

Watter woorde behoort 'n Graad 6-kind te kan lees?


Kinders se leesvermoëns verskil baie van kind tot kind, en dit is dus nie regtig moontlik om te sê watter woorde alle Graad 6-kinders behoort te kan lees nie. Solank jou kind verstaan wat hy/sy lees, dit geniet om te lees en gereeld lees, sal hy/sy mettertyd beter lees. Moedig jou kind aan deur elke dag vir hom/haar te lees.

Wat kan ek doen om my seun te help om die letters van die alfabet te memoriseer?

Die beste manier waarop kinders leer om letters te memoriseer, is om hulle te gebruik. Probeer die alfabet saam met hom uitskryf. Wys dan na elke letter, en sê die naam en die klank wat dit maak. Help jou seun om te verstaan dat letters woorde vorm deur sy aandag op verskillende letters op tekens en ander woorde in jou omgewing te vestig. Wanneer jy vir hom stories lees, kan jy ook letters uitwys wat spesiale betekenis vir hom mag hê. Byvoorbeeld, die letter waarmee sy naam begin – jy kan sê: "O, kyk, **tand** begin met die letter **t**, net soos die **t** in jou naam, **Thando**."

Create **TWO** cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. Keep the sheet with pages 5, 6, 11 and 12 separate from the sheet with pages 7, 8, 9 and 10.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold each sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.




Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies!

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Hou die vel papier met bladsye 5, 6, 11 en 12 apart van die vel met bladsye 7, 8, 9 en 10.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou elke vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip uit op die rooi stippellyne.




Drive your
imagination



Haar ma kom by die agterdeur ingestap met 'n mandjie in haar hand. Daar sit 'n blaar aan haar kamerjas vas. "Die suurlemoenboom dra laat vanjaar. Kyk net die hoop wat ek nou net gepluk het, en dis al lente." Sy sit die mandjie op die tafel neer. "Later kan ons weer suurlemoenstroop hiervan maak, julle het al weer alles opgedrink wat ek nou die dag gemaak het. Tiaan!" roep sy. "Toe nou, jy moet klaarmaak!"

Haar moegheid heeltemal vergeet, trek sy haar skoolklere aan en draf kombuis toe. Eers neem sy die wit suikerbakkie wat op die tafel staan en gooi die inhoud in 'n sakkie. Daarna krap sy in die kombuiskas en haal 'n blou boksie uit. Natriumbikarbonaat, staan in dik swart letters op die voorkant. En onderaan, in fyn skrif: Koeksoda.



Her mother came in the back door carrying a basket. There was a leaf stuck to her nightgown. "The lemon tree is bearing fruit late this year. Look at how many lemons I've just picked, and it is already spring." She put the basket on the table. "Later we can make some more lemon syrup, seeing as you finished all the syrup I made the other day. Tiaan!" she called. "Hurry up and get ready!"

Now wide awake, she put on her school uniform and made her way to the kitchen. First she took the white sugar bowl from the table and tipped the sugar into a little bag. Then she rummaged through the kitchen cupboard and took out a blue box. Sodium Bicarbonate, it said in big black letters on the front of the box. And at the bottom, in smaller print: Baking Soda.

WINNERS of ATKV Children's Book Awards in 2013 and 2015

The resourceful BFFs Nina and Jessie are back.

In *Nina en die wacky hare* they exposed the horrible teacher Miss Morkel as the mastermind behind the lice infestation at Tierkop Primary.

In *Nina en die funky eksperiment* there is another mystery that needs solving. What's wrong with the so-called "energy drink" of which a TV ad is being filmed at their athletics competition?

Buy these books
to find out why Grade 4-5 learners chose them
as their favourite books in the
ATKV Awards!



Tafelberg

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi

Nalibali
It starts with a story...


Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination

Nina and the funky experiment

Nina en die funky eksperiment




Elizbè van der Colff
Chris Venter

Skielik tref dit haar: die eksperimente-uitsaaiing!
Dis vandag! Dis hoekom sy haar alarm 'n bietjie
vroëter gestel het, sodat sy genoeg tyd kan hê om
alles bymekaar te sit wat sy gaan nodig hê vir
hul eksperiment.

Vaak-vaak gryp sy haar selfoon en druk die alarm dood.

Nina was dankbaar dat haar wegkruipplek nie ontdek
is nie, maar net voor Mirkia en Danie die stookkamer
in die stookkamer. Sy het geweet sy gaan nie. Gelukkig
het Mirkia die stoordeur toegesluit die oomblik
toe Nina genies het. Anders was hierdie nie net 'n
nagmerrie nie ...



“Mincemeat, that’s what I’m going to make of you! Mincemeat!” shouted Mirkia. Her eyes flashed. She towered over Nina like a giant. Where Mirkia’s nose should have been, there was now only a huge, yellow pimple! Nina tried to run away, but tripped over her own feet. Mirkia and her brother came closer. With their long arms, they tried to grab hold of Nina.

“Mincemeat, mincemeat!” Nina heard them say as she stumbled away. All around her were children holding yellow cooldrink bottles. They pointed and laughed at her as they drank their cooldrink. Nina wanted to stop them, but she couldn’t get a word out.

“Smile, Nina! I want to take a photo of you!” It was Jessie. Jessie jumped in front of Nina pointing her cellphone at Nina. *Click-click!* Jessie took a photo just before she too drank a huge gulp of her cooldrink.

“Out of my way, Jessie! They are trying to catch me!” Nina tried to shout, but not a word came out of her mouth.

“Yes, Mom!” Nina heard her brother, Tiaan, shouting from his room. Moments later he shuffled into the kitchen, still in his pyjamas. His eyes were only half open and he still looked half asleep. Nina started to potter again, but the next moment someone bumped into her back. The box of baking soda fell on the floor and a fine layer of white powder spread across the tiles.

“Tiaan, look at what you’ve done!” she said angrily. “Duh! When you wake up, you are supposed to *open* your eyes!” Nina used her hands to try to clean up the mess.

“Sorry,” mumbled Tiaan as he sat down at the table. “Come on, Tiaan, go and fetch the dustpan and broom and help your sister clean up,” said their mom. She picked up the box and looked inside. “Don’t worry, Nina, it looks like there is still enough left for your experiment.”

“Thank goodness!”

Nina swept up the baking soda and took the dustpan to the bin.

Nina gaan vanaand bietjie later terugkom ná ons oefening, ek moet nog ’n draai gaan maak by W & Z Beperk. Julle moet maar solank eet ...”

Nina doop haar beskuit in haar tee. Sy byt ’n stuk af terwyl sy Tiaan ingedagte dophou. Sy wonder wat haar pa by W & Z Beperk moet gaan maak. Tiaan gooi melk oor sy pap. Oudergewoonte skep hy drie groot lepels uit die wit suikerbakkie en strooi dit bo-oor. Hy neem ’n groot hap.

“Ugh!” proes hy. Spatsels nat pap beland oral op die tafel. Hy spoeg die res van die pap uit.

Nina bars uit van die lag. “Jy’t koeksoda in plaas van suiker oor jou pap gegooi. Lyk my jy slaap nog steeds, want ek het dit netnou voor jou oë in die suikerpot gegooi!”

Tiaan antwoord nie en vryf net sy tong met sy vingers. “*Gross!*”

Elke week daarna gaan Thando na die dansklas toe. Hy maak nuwe mads wat ook van dans hou.



Every week after that, Thando went to dance class. He made new friends who also liked dancing.

Thando luister na die musiek. Hy volg die passies: stadig, stadig, winnig, winnig.



Thando listened to the music. He followed the steps: slow, slow, quick, quick.

Dancing star is from the Rainbow Reading series by Cambridge University Press. Rainbow Reading is a graded series for primary schools. It provides a wealth of original stories and factual texts, which will help learners to develop the reading skills and vocabulary they need to meet the requirements of the curriculum – in all learning areas. Rainbow Reading consists of 350 titles which are grouped by level and theme. For further information, visit www.cup.co.za




Cambridge University Press
P O Box 50017, V&A Waterfront, 8002
Tel 021-4127800 | Fax 021 4198418
Email info@cup.co.za



CAMBRIDGE
UNIVERSITY PRESS
www.cup.co.za

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi



Drive your
imagination

CAMBRIDGE

Dancing star Dansster



Shumi Chimombe
Nikki Jones



Hulle leer om verskillende danse te doen.
Hulle leer die salsa, die rumba en die jive.



They learnt to do different dances. They
learnt the salsa, the rumba and the jive.



Thando doesn't like sports. He can't run fast.
Every sports day he comes last and the other
children laugh at him.
"Slow coach! Your legs are too short!" they shout.

Op 'n dag sê juffrou Dana vir Thando: "Jy
is 'n baie goeie danser. Ek wil hê jy moet
in die skoolkonsert dans."



One day Miss Dana said to Thando, "You are
a very good dancer. I want you to dance at
the school concert."



Toe hoor hy die musiek. Hy begin beweeg: stadig, stadig,
